

# CAROLS BY CANDLELIGHT

Die Heilbron Dienssentrum het die 15de Desember Carols by Candlelight by Huis Bron-van-Heil aangebied. Dit was die laaste op hul jaarprogram en in die lig van die Kerstyd om die draai is die inwoners vermaak met die 30 minute program wat na aandete in die binnehof aangebied is. Die laaste drie

liedjies was in die eetkamer saam met die inwoners gesing. Die twee voorlesers wat as Josef en Maria deelgeneem het, was Jan van Zyl en Bettie Swart. Afgesien van hulle het Willie van Tonder die sang begelei met sy konsertina. Sylvia Meades beskryf dit as 'n heerlike geleentheid waar almal saam kon sing tot eer van die Here se naam.



Willie van Tonder met sy konsertina.

# KERSLIGKOMPETISIE SKUIF AAN!

W eens verskeie laat inskrywings het ons besluit om die

tydperk vir die kersligkompetisie 'n bietjie te verleng. Kersfees is om die draai en Heilbron Herald in samewerking met Bonus Hardware, The Local Choice Platteland Apteek en Late-Nite Video, bied 'n kompetisie aan vir die inwoners van Heilbron om met hulle Feestyd-versierde huise te spog. Hang jou liggies op, neem 'n foto en stuur dit via Facebook Messenger vir die Heilbron Herald Facebookblad, waarna ons dit op die blad sal laai om soveel as moontlik likes te werf. Die winner sal 'n geskenkpakkie ontvang. Foto-inskrywings sowel as likes sluit nou eers die 21ste Desember om 09:00 en geen foto's of likes word daarna aanvaar nie.

Die winner sal net op Facebook aangekondig word en sal gekontak word om 'n reëling te tref rondom die prys oorhandiging. Reeds 5 huiseienaars het vir die kompetisie ingeskryf, maak seker jy gaan stem vir jou gunsteling! Vir navrae skakel Silma by 058 852 3033. Bepalings & voorwaardes op ons Facebook-blad.



# 'N SKRYWER IN ONS MIDDE

Getoë Heilbronner, Martie Groenewald, se kortverhaal is in die nuutste Huisgenoot van 17 Desember 2020 gepubliseer. Op bladsy 52-53 lees jy die storie "Môre is nog 'n dag", die opstel wat Martie oorspronklik geskryf het vir haar rekordeksamen in matriek. Ongeveer 30 jaar later het sy die skryfstuk bietjie aangepas en 'n kans gevat om dit vir Huisgenoot te stuur. In die storie kry klein Wouter sy pa se oorlogsdagboek, en leer daarin die persoon ken na wie hy vernoem is. Kry jou Huisgenoot nou op die rak of gaan na huisgenoot.com om die storie te lees.



Martie Groenewald



Kortverhaal wat in die Huisgenoot van 17 Desember 2020 geplaas is.



# IN DIE HUWELIK BEVESTIG



Gerrie en Veleska du Plessis is die 5de Desember 2020 in die huwelik bevestig. Gerrie is die seun van Wynand en Sanet du Plessis en Veleska die dogter van Andries en Marelise van Aswegen. Die egpaar vestig hulle in Bloubergstrand.